# Skenking van kunswerke deur Fernand Haenggi

Skenkings wat deel vorm van die PELMAMA Permanente Versameling, is deur die Haenggi Stigting in 1990, 1993, 2006 en weer in 2009 aan Oliewenhuis-kunsmuseum gemaak.

PELMAMA staan vir "Pelindaba Museum of African and Modern Art" en is in 1982 in trust gestig met 'n aanvanklike skenking deur die Haenggi-stigting se fonds vir eiendomsaankope. Dié stigting is in 1978 as 'n nie-winsgewende, opvoedkundige vereniging ingelyf. Die PELMAMA-kunsversameling was afhanklik van skenkings deur kunstenaars en die publiek.

Behalwe vir die vorige skenkings aan Oliewenhuis-kunsmuseum in 1990, 1993 en 2006 is 'n verdere 55 kunswerke gedurende 2009 deur Fernand Haenggi van Basel, Switzerland, geskenk . Die skenking bestaan uit 51 werke uit sy persoonlike versameling en vier uit die PELMAMA Permanente Versameling. 'n Reeks keramiekwerke deur Essias Bosch en kunstenaars van Rorkesdrift (Kwa-Zulu Natal), soos Eric en Elizabeth Mbatha, is deel van die skenking wat 'n groot aanwins is vir die versameling. Grafiese werke deur onder andere Dumile Feni, Walter Battiss en Guilio Tambellini is ontvang en 'n paar skilderye waaronder 'n reeks van 14 kosbare miniatuur werkies deur Stanislav Kors. 'n Uitstalling van die kunswerke wat deel vorm van die 2009 skenking word beplan vir 2010.